NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 33

27 Augustus 2026

# Elke groot kerklied in die geskiedenis was eens ’n nuwe lied.

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief *hier* vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Dink vir ’n oomblik aan jou gunsteling kerklied. Miskien is dit ’n Psalm wat jou al van kleins af bybly. Miskien is dit ’n gesang wat jou deur moeilike tye gedra het. Of dalk is dit ’n lied wat by ’n doop, ’n belydenisaflegging of ’n geliefde se begrafnis diep in jou hart vasgelê is. Ons dink dikwels aan sulke liedere asof hulle nog altyd deel van die kerk was, maar dit is nie waar nie. Daar was ’n dag waarop daardie lied vir die eerste keer gesing is.**

Daar was ’n komponis wat die eerste note neergepen het. Daar was ’n digter wat gesoek het na woorde om die evangelie nuut te verwoord. Daar was ’n gemeente wat dit vir die eerste keer moes aanleer. Miskien was daar selfs mense wat gewonder het of hierdie nuwe lied regtig ’n plek in die kerk het. Elke groot kerklied in die geskiedenis was eens ’n nuwe lied.

Die kerk leef uit ’n lewende tradisie. Tradisie beteken nie dat alles onveranderd moet bly nie. Dit beteken dat elke nuwe geslag die onveranderlike evangelie met nuwe stemme, nuwe woorde en nuwe melodieë leer bely. Dit was nog altyd so.

Die Psalms self was eens nuwe liedere. Die liedere van die Reformasie was eens nuut. Die geliefde gesange wat vandag so bekend is, moes ook eers deur gemeentes ontdek en omhels word. Wat vandag as *klassiek* beskou word, was gister se vernuwing. Daarom hoef die kerk nie bang te wees vir nuwe liedere nie.

Ons moet wel onderskeidend wees. Nie elke nuwe lied sal die toets van die tyd deurstaan nie. Nie elke melodie sal diep wortel skiet in die hart van die gemeente nie. Dit was ook die geval met die meerderheid liedere uit vorige eras. Die kerk moes nog altyd onderskei tussen wat tydelik aantreklik is en wat blywende waarde het. Juis daarom vra nuwe kerkliedere sorg, wysheid en teologiese verantwoordelikheid – nie weerstand nie.

As die kerk nooit nuwe liedere sou sing nie, sou sy vandag baie van haar kosbaarste geloofserfenis verloor het. Nuwe liedere is nie bedoel om die oues te vervang nie. Hulle staan langs hulle. Hulle voer ’n gesprek met die Psalms, met die himnes van die kerk deur die eeue en met die liedere wat ons ouers en grootouers gesing het. Só word die liedereskat van die kerk ryker.

Dit is ook die roeping van die VONKK-werkgroep. Dit gaan nie daaroor om bloot nuwe liedere te publiseer nie. VONKK (Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek) wil die kerk help om die ou evangelie nuut te sing. Die doel is nie nuutheid ter wille van nuutheid nie, maar liedere wat met dieselfde Bybelse diepte, poëtiese skoonheid en liturgiese funksie die geloof van vandag se gemeentes kan dien.

Elke nuwe lied dra ’n eenvoudige, maar hoopvolle droom in hom: dat ’n kind dit eendag saam met sy ouers sal sing; dat ’n jongmens daarin woorde vir sy geloof sal vind; dat ’n gemeente dit op ’n Paassondag met vreugde sal aanhef; dat iemand dit jare later by ’n siekbed of graf sal onthou en dat ’n volgende geslag eendag sal sê: *Ons kan ons nie die kerk sonder hierdie lied voorstel nie.*


Miskien is dit die mooiste manier om na nuwe kerkliedere te kyk – nie as mededingers van die liedere wat ons liefhet nie, maar as moontlike erfstukke van ons kinders en kleinkinders. Ons sing vandag die erfstukke van ons voorouers, maar wanneer ons verantwoordelik nuwe liedere skep en leer, laat ons ook erfstukke na vir die geslagte wat ná ons kom.

Daar sal binnekort elke twee weke aandag aan ’n VONKK-lied in *Blitspos* geskenk word.

**Ds Hannes van der Merwe**
**(Voorsitter: VONKK/Pretoria-Oos)**

*** Neem asseblief kennis dat *Blitspos* vanaf volgende week 'n nuwe baadjie aantrek. Dit het tot gevolg dat die nuwe **spertyd vir bydraes Maandagmiddag om 17:00** is.

## Lief en leed



Ds Ben Erasmus


- Die Kerk het met leedwese verneem van die **afsterwe** van **ds Ben Erasmus**, voormalige predikant van die NHKA. Sy gedenkdiens vind 28 Augustus om 11:00 by Huis Hermon, Generaal de Wetstraat 469, Pretoria-Noord plaas.

- **Die volgende predikante verjaar tot 4 September. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Woensdag 26 Augustus: Dr C (Chris) le Roux (emeritus/Stellenbosch), di I (Iwana) Kruger (Pretoria-Oos), en JJ (Joseph) Steÿn (Klerksdorp-Suid)
  - Donderdag 27 Augustus: Prof JH (Johan) Koekemoer (emeritus)
  - Saterdag 29 Augustus: Ds J (Jan) van Immerzeel (emeritus)
  - Maandag 31 Augustus: Di J (Juan) de Beer (Parys), en A (Annia) van Deventer (beroepafwagtend)
  - Dinsdag 1 September: Prof PJ (Pierre) Jordaan (emeritus/Klerksdorp-Oos Môrester), en ds WRT (Tertius) Hindley (emeritus)
  - Donderdag 3 September: Ds JM (Marthinus) van Staden (Klerksdorp-Doringkruin)

## Vergaderings

- Donderdag 27 Augustus: NHKA Pensioenfonds; SSF NHKA Bestuursforum
- Donderdag 3 September: Kommissie van die AKV
- Vrydag 4 September: Kommissie van die AKV

## Gemeentes en bediening



Ds Marna van der Westhuizen

- **Ds MJ (Marna) van der Westhuizen** (beroepafwagtend) het 'n beroep na Gemeente Pretoria (deeltyds) ontvang.

- **Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika** (BSA) is verheug om **ds Gerhard Pietersen** as sy **nuwe Uitvoerende Hoof** te verwelkom. Ds Pietersen het op 1 Augustus 2026 amptelik die amp aanvaar en bring saam met hom meer as drie dekades se ervaring in die bediening, leierskap en interkulturele sendingwerk. Die Kerk wens ds Pietersen geluk met sy nuwe aanstelling en bid hom God se seën toe met sy werksaamhede.

- **Erratum: Ds L (Louizé) de Beer** se **bevestiging** vind op **11 Oktober** plaas en nie op 4 Oktober soos verlede week vermeld is nie. U is welkom om die geleentheid om 09:00 by Gemeente Wonderboompoort, Mansfieldlaan 624, Eloffsdal, by te woon.

## Werkgeleenthede

- **Bedieningsruimte: Gemeente Otjiwarongo-Outjo-kombinasie.** Die Ring van Dorsland nooi **geordende predikante en proponente van die NHKA** om belangstelling te toon in 'n bedieningsruimte binne die Otjiwarongo-Outjo-kombinasie. Die bedieningsmodel van die gemeente berus op onderlinge verantwoordelikheid, samewerking tussen gemeentes en missionale kerkwees.

  Kontak gerus vir **ds Leon Janse van Rensburg** by **leonjvr@iway.na** vir meer inligting asook die proses wat vir aansoeke gevolg moet word. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **31 Augustus 2026**.

  Die beroepsproses en uiteindelike bevestiging vind ooreenkomstig die Kerkorde en bepalings van die 74ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA, die toepaslike beroepsbrief en die vereistes van Namibiese wetgewing plaas.

- **Bedieningsruimte: Gemeente Panorama** wat uit gemeentes Witrivier, Sabie en Hazyview saamgesmelt het, nooi aansoeke van gelegitimeerde en geëmeriteerde predikante van die NHKA om **’n deeltydse bedieningsruimte** te vul.

  Kontak gerus vir **ds Willem Breytenbach** by 083 701 9852 of **Jurie Snyman** by 013 750 1070 vir meer inligting. Aansoeke, vergesel van ’n volledige CV, moet aan ds Breytenbach by **willem.breytenbach@outlook.com** gestuur word.

  **Die sluitingsdatum** vir aansoeke is **30 September 2026**. Kandidate op die kortlys sal versoek word om ’n erediens by die Witrivier-bedieningspunt te lei.








## Kerklike en ander publikasies

- Die **Kerkkalender vir 2027** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is ***hier*** op die Kerk se webblad beskikbaar. Kry die kalender ***hier*** en die kalendervoorblad ***hier***. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei. U kan ook die Kerklike feesdae ***hier*** aflaai.

## Kom kyk en luister saam




- Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op ’n Donderdag in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat die dagstukkie daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.

- Ons weeklikse **Blitsflits** word aangebied deur **Lané Truscott**. Klik ***hier*** vir die weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

- Hou gerus **sosiale media** dop vir meer oor artikels wat in *Blitspos* verskyn het. ***Op pad met Iwana*** het op 23 Julie berig oor samewerking in die Ring van Magalies in ***Toegerus vir diens!*** U kan ook ***hier*** na ’n **video** van die geleentheid kyk.

## ’n Gedagte

Hoër as die hemel, dieper as die see,
wyer as die heelal, die mens en al sy weë,
groter as die skepping, kosbaar – baie meer –
onverdiend en ewig is die liefde van die Heer!

Hy is Koning, grote Koning,
God van mag en krag, God van woord en daad.
Prys die Koning, grote Koning,
God van son en reën, God van sorg en seën.
Hy regeer!

Groter as die mensdom se kennis en verstand,
meer as al die sterre, ontelbaar soos die sand,
hoër as die berge, groter as ’n meer,
ver bo ons gedagtes is die liefde van die Heer!

Hy is Koning, grote Koning,
God van mag en krag, God van woord en daad.
Prys die Koning, grote Koning,
God van son en reën, God van sorg en seën.
Hy regeer!

**VONKK 126: 1 en 2**

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Vertel ons asseblief van geleenthede by jul gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

| | |
|---|---|
| 28 Augustus vanaf 14:00 | **Gemeente Swartkop** nooi almal om te ontsnap na die rustigheid van die Bosveld, reg hier in Centurion, tydens hul jaarlikse **basaar**. Verken ’n fees van smake met tradisionele roosterkoek, sappige burgers en worsrolle, kerrie-en-rys, ’n tuisnywerheid en pannekoek, afgerond met ’n glasie wyn, koue bier of verfrissende koeldrank. Moenie vergeet van die heerlike biltong nie. Met ’n veilige kinderkamp vir die kleinspan en pragtige koorsang wat deur die lug weerklink, is dit die perfekte kuieraand vir jonk en oud. |
| 28 Augustus 19:00 | **Gemeente Schoemansdal: Magda Louw en haar Erhard** kom kuier met hul vertoning ***How Louw can you go?*** Kaartjies kos R220 per persoon en is beskikbaar by **Lezl by die kantoor** by 012 253 0146. Dit is ’n **fondsinsamelingsprojek ten bate van die NHSV**. |
| 28 en 29 Augustus | **Gemeente Tzaneen** nooi almal uit na hul **Lente-Karnaval**. Daar sal heerlike vermaak vir oud en jonk wees. Kom smul saam aan lekker eetgoed soos hoenderstokkies, worsbroodjies of pannekoek. **Kontak** vir ds Richard van der Westhuizen by richard@nhk.co.za vir meer inligting. |
| 29 Augustus vanaf 07:30 tot 14:30 | **Gemeente Witfontein** hou hul 23ste **Delwersfees** op die kerkterrein by Stasiestraat 750, Pretoria-Noord. Kom delf saam met ons op soek na R43 000 se kontantpryse. Sertifikate teen R25 elk, wat jou in staat stel om te delf, kan ***hier*** gekoop word. Daar sal ook heerlike basaarkos en sommer baie vermaak wees vir ’n gesellige saamkuier. Kom vroeg vir die Pelgrimsontbyt. Kom geniet al die vars gebak en vars produkte. Daar is ’n massiewe pretpark vir die kinders en die Witfontein Stasiestraat Junction-treintjie sal groot vermaak verskaf. Om 11:00 is daar ’n Hannon *Make Over Roadshow* teen R150. **Kontak vir ds Jimmy by 083 254 4771 of ds Janine by 083 260 0983 vir meer inligting.** |
| 29 Augustus vanaf 08:00 tot 15:00 | **Gemeente Ventersdorp** bied ’n **4x4-dag en basaar** aan. Dit vind by die Trimpark te Ventersdorp plaas. Kom geniet ’n dag vol avontuur en plesier met 4x4-uitdagings en heerlike eetgoed, soos sosaties (soos net Ventersdorp dit kan maak!), boerewors, jaffels, pannekoek, sampioen/worsie op ’n stokkie en biltong. Daar sal ook iets te drinke wees en natuurlik sal daar aktiwiteite vir kinders en stalletjies vir mamma en pappa wees. Die **toegangsfooi** vir volwassenes en hoërskoolkinders is R40 en R10 vir laerskoolkinders. Inskrywingsfooi vir die 4x4-baan is R300, maar diegene wat vroegtydig inskryf, betaal net R250! Kom kyk hoe die 4x4-bestuurders die hindernisse baasraak of selfs geblinddoek die baan aanpak! Moenie dié dag misloop nie! **Skakel vir Christelle by 078 463 7434** vir meer inligting. |
| Sluitingsdatum: 30 September | **Gemeente Dullstroom:** Koop ’n **lootjie** teen R100 en staan ’n kans om **een van drie vakansies** te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur die bedrag in die gemeente se bankrekening in te betaal. Bankbesonderhede: FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing. **Bewys van betaling** moet aan Hannetjie by 082 839 5669 gestuur word om u **kaartjienommer** te ontvang. |
| 24 Oktober | **Gemeente Kempton Park-Oos: Bikes & Beatles-basaar.** Kom deel, verkoop en geniet ’n fantastiese dag vol pret vir die hele gesin. Kontak **ds Anneline by 082 924 7344** vir meer inligting. |

## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.



## Gebed vir die week

Here Jesus, vandag kom ek
voor U met 'n dankbare hart.
U is waardig om geprys te word,
nou en vir ewig.
Vul my met u teenwoordigheid,
vernuwe my oë om U te sien,
En laat alles wat ek doen
tot eer van U wees.
Amen.

https://www.instagram.com/p/DbhZkvJjFzU/?hl=en


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds David Barnard |
| Subredakteur: | Ds Mariët Robbertze |
| Koördineerder: | Mej Sanet du Plessis |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |
| Joernalis: | Ds Iwana Kruger |